Terminologie wat algemeen in graad 12 en ander eksamenvraestelle voorkom

Hier volg ‘n lys van woorde wat algemeen gebruik en verkeerd verstaan word.

Beeld iets uit	Dit dui op iets of is verteenwoordigend van
Beklemtoon	Plaas die aksent op. Gee prominensie aan. Lê spesifiek klem op
Beoordeel	Gee ‘n bespreking of verskaf ‘n opsomming, gewoonlik krities
Bepaal	Vind uit, werk uit of bereken d.m.v. waarneming of oorweging
Beplan	Skep/stel ‘n oorspronklike skema/rangskikking op
Bereken	Bereken die getal of aantal van iets deur van wiskunde gebruik te maak
Beskryf	Vertel daarvan in woorde : beskryf hoe dit lyk. Skets ‘n prentjie in woorde. Gee die kenmerke, verskaf die feite. Vertel die hooftrekke van ‘n storie
Beskryf	Vertel wat gebeur het; die voorvalle of gebeure
Beskryf die faktore	Sê wat die omstandighede, feite of invloed was
Beskryf die gebeure	Skryf neer wat gebeur het
Beskryf die gebeure, voorvalle	Vertel in woorde wat gebeur het
Beskryf die maatreëls	Sê wat die plan of verloop van sake is of was
Bespreek	Skryf oor ‘n onderwerp, en gee meer as net een opinie. Praat oor, oorweeg vanuit verskillende gesigspunte. Gee die verskillende kante van ‘n saak. Ondersoek deur te argumenteer of te debatteer. Sit die verskillende standpunte wat gehandhaaf word of faktore wat oorweeg moet word, uiteen. Gee die feite oor ‘n spesifieke onderwerp. Ontleed elke feit in besonderhede. Wees analities. Gee redes vir en teen
Bespreek die kenmerke van :	Skryf omtrent die hoedanighede of eienskappe van iets, en gee meer as net een opinie
Bestudeer	Kyk intensief daarna of lees dit sorgvuldig om waar te

	neem of om afleidings te maak
Bewys	Verskaf feitelike bewys vir, of, indien toepaslik, ‘n logiese of wiskundige bewys. Bepaal die waarheid van iets deur feitelike bewys of logiese redes te verskaf
Brei uit op	Gee meer besonderhede/inligting rakende
Bring iets in verband met	Verduidelik hoekom iets soortgelyk is aan of hoe dit verband hou met iets anders
Definieer	Verduidelik wat presies daarmee bedoel word
Demonstreer	Wys, bewys
Dra oor	Om ‘n idée of mening oor te dra of te kommunikeer
Dui aan	Wys uit, maak bekend, maak verstaanbaar. Gee jou gedagtes oor; verklaar. Vermeld of toon in volledige detail
Eienskappe	Trekke wat algemeen op die hele klas van toepassing is en dit nie van ander in die klas onderskei nie
Evalueer	Gee ‘n idée van iets se waarde, assesseer; doen ‘n waardebepaling van bv. ‘n spesifieke situasie/stelling of ding. Gee die positiewe sowel as negatiewe aspekte van die onderwerp. Beoordeel, gee ‘n mening oor die waarde van. Bespreek die voordele en beperkings
Gee ‘n oorsig	Ondersoek of bekyk. Kyk weer na, beskou oppervlakkig
Gee ‘n relaas van	Beskryf; skryf neer wat gebeur het
Gee ‘n voorbeeld van	Lig met voorbeelde toe; illustreer met voorbeelde. Gee iets wat tipies daarvan is
Gee kenmerke van	Onderskeidende/besonderhede/uitstaande aspekte of eienskappe. Tipiese/besonderhede/identifiserende eienskap of kenmerk
Haal aan	Skryf die presiese woord of woorde uit ‘n teks neer
Identifiseer	Stel vas of noem wie of wat iets is (*bv. Identifiseer die dier wat in hierdie paragraaf beskryf word*) OF wys op/dui aan wat spesifiek is, iets waarop daar gelet moet word (*bv.identifiseer die loopbaanbehoeftes van so ‘n persoon*)

Illustreer	Gebruik spesifieke voorbeelde om betekenis duidelik te maak. Lig toe met tekeninge, sketse, ‘n kaart, tabelle, prente of ‘n konkrete voorbeeld om ‘n punt duidelik te maak
Interpreteer	Verklaar, los op of lewer kommentaar oor ‘n onderwerp, gewoonlik deur jou eie beoordeling daarvan te gee. Maak duidelik; gee die betekenis van
Kategoriseer	Noem die klas of groep waartoe iets behoort
Klassifiseer	Rangskik in groepe of klasse volgens eenderse kenmerke of hoedanighede
Konstrateer	Wys op die verskille tussen; stel teenoor mekaar
Korreleer	Om dinge in onderlinge verband te bring. Toon die verbande tussen
Kritiseer	Gee jou mening oor die korrektheid of meriete van ‘n item of aangeleentheid; kritiek kan goedkeur of afkeur. Skryf ‘n evaluering van die meriete van – en wys veral foute uit
Lei af	Gebruik redenering om tot ‘n slotsom te kom, kom tot ‘n logiese gevolgtrekking
Lewer kommentaar oor	Maak verduidelikende opmerkings oor of lewer kritiek op
Lewer verslag van	Gee ‘n rede of redes, of ‘n verduideliking vir
Lys	Gee die name of items in ‘n register, inventaris of katalogus aan. Plaas in kolomme. Maak item vir item ‘n inskrywing, dikwels in ‘n spesifieke volgorde gerangskik
Meld	Sê duidelik
Motiveer	Gee ‘n goeie rede/goeie redes vir/Gee oortuigende redes/aansporing/aanmoediging of beweegrede vir
Motiveer jou antwoord	Bied feite om te bevestig, te ondersteun of te bewys. Lewer bewyse vir, bevestig
Noem	Gee die korrekte naam of titel van/Verwys na, maak opmerkings oor, spesifiseer by name. Verwys bykomstig na
Noem op	Tel af, spesifiseer volgens items, gewoonlik in volgorde

	van oorwoë belangrikheid. Noem een vir een. Gee in die vorm van ‘n bondige lys
Omskryf (Definieer)	Gee die belangrikste kenmerke, idees of noodsaaklike beginsels/Vermeld presies. Gee ‘n bondige en noukeurige omskrywing (definisie). Stel die grense van, maak oorsigtelik duidelik. Gee die essensie van, gee die presiese betekenis van. Gee die betekenis van ‘n word of konsep. Plaas dit in die klas waarin dit hoort en toon hoe dit van ander items in dieselfde klas verskil
Onderskei tussen	Wys op die verskil(le) tussen/Lig die hooftrekke uit wat dinge van mekaar onderskei. Identifiseer die norme wat die onderwerpe in gemeen het en beskryf die spesifieke verskille kortliks aan die hand van hierdie norme
Ondersoek	Kyk sorgvuldig na iets om die waarde of gehalte (kwaliteit) daarvan te kan bepaal
Ontleed	Kyk sorgvuldig na die struktuur van iets om te verduidelik hoe dit fungeer of waaruit dit bestaan
Ontwerp	Maak ‘n nuwe kopie of stel ‘n plan op
Oorweeg	Dink na oor iets
Redes vir :	Die oorsake van of verduidelikings waarom
Regverdig	Gee ‘n goeie rede/goeie redes vir. Voorsien die redes vir jou gevolgtrekkings of vir die stelling wat in die vraag gemaak word. Gee goeie redes vir, verskaf bewys vir, gee feite om jou standpunt te steun. Wys dat jou argumente deeglik gegrond is
Selekteer	Kies
Skets	Gee ‘n tekening, kaart of plan
Skryf ‘n opstel	Skryf ‘n persoonlike beredenering van die onderwerp. Skryf ‘n kort letterkundige bespreking van die onderwerp en gee jou persoonlike standpunte
Som op	Gee ‘n kort verslag van die hoofpunte (hoofidees) van iets. Gee die hoofpunte kortliks. Gee ‘n oorsig, gee ‘n bondige verslag van. Maak ‘n opsomming sonder

	onnodige detail
Spesifiseer	Sê presies
Staaf	Gebruik bewyse of logiese redenasie om die juistheid (korrektheid) van iets aan te toon
Stel 'n lys op	Skryf inligting neer in die vorm van 'n lys van genommerde items
Stel kontraste	Om teenoor mekaar/saam te plaas ten einde verskille uit te wys of te beklemtoon. Lig verskille uit deur vergelyking
Stel voor	Noem vir oorweging
Stip uit	Beskryf slegs noodsaaklike dele; som op. Gee slegs hooftrekke, algemene beskrywing van (teenoor die blote gee van besonderhede)
Substansieer	Voorsien bewyse of redes om jou antwoord te staaf
Tabuleer	Rangskik die inligting in die vorm van 'n tabel met kolomme en rye. Maak korter en neem in 'n lys op
Takseer	Gee 'n idée van die waarde of gehalte (kwaliteit) van iets
Toon	Sien :"Dui aan"
Veranderlike	'n Element, kenmerk of faktor wat waarskynlik anders of veranderlik is, of wat heelwaarskynlik sal verander
Verbind, pas	Paar iets met iets anders of pas twee goed bymekaar om aan te toon dat daar 'n verband tussen die twee is
Verduidelik	Maak iets duidelik deur verdere inligting te verstrek. Maak in detail bekend. Verklaar. Gee redes
Verduidelik die belangrikheid van	Verduidelik die belangrikheid van : verduidelik wat iets beteken of beteken het vir, bv. 'n land
Verduidelik die doel van	Gee die rede waarom iets gedoen of geskep word of waarom dit bestaan
Vergelyk	Verduidelik die ooreenkomste en/of verskille tussen die twee. Soek ooreenkomste tussen dinge. Wys op ooreenkomste en verskille. Plaas twee of meer dinge langs mekaar om hulle te ondersoek vir ooreenkomste of ander verwantskappe met mekaar.

Verklaar	Maak duidelik; vertolk; stel eenvoudig. Skets in woorde
Vermeld	Druk volledig of duidelik uit of spesifiseer. Sit in woorde uiteen. Gee in die vorm van ‘n stelling
Verwys na	Noem of verwys na, sonder ‘n lang bespreking
Verwys na die diagram/grafiek/tabel/figuur	Kyk sorgvuldig en meld in jou antwoord wat jy opgelet het
Volg	Toon hoe iets stap-vir-stap ontwikkel het. Volg die gang van gebeure
Voorspel	Sê wat jy dink in die toekoms gaan gebeur
Wat is die effek (uitwerking) van :	Wat is die gevolg, invloed of uitwerking van
Wat is die oorsake van :	Wat het aanleiding gegee tot/hoekom het iets plaasgevind
Wei uit oor	Gee verdere besonderhede van wat reeds gesê is
Wei uit oor	Brei uit op, voeg besonderhede by